# HOËRSKOOL FOCHVILLE VIR DU PLESSIS BUSDIENSTE

## KONTRAK MET OUERS VIR 2022

## KWARTAAL 1 (01 Januarie 2022 – 31 Maart 2022)

## BEPALINGS EN VOORWAARDES:

**U KIND SAL SLEGS TOEGELAAT WORD OM VAN HIERDIE VERVOER GEBRUIK TE MAAK INDIEN HIERDIE VORM VOLLEDIG INGEVUL EN GETEKEN TERUG GESTUUR WORD SKOOL TOE (vir aandag ME. L. VAN DER MERWE).**

**Ons, mnr. ___________________________________ en me. ___________________________________, die**

**ouers / voogde van die leerder/s (1)___________________________________ en**

**(2)___________________________________ op busroete CV** of **DK** of **ELR** of **WDL** of **GH (omkring) neem kennis van die bepalings en voorwaardes en onderneem die volgende:**

- Let wel: Hoërskool Fochville tree slegs as 'n middelman tussen Du Plessis Busdiens en die ouers op.
- Hierdie busdiens is 'n vergunning en nie 'n reg nie.
- Alle leerders en die bestuurder word in terme van polisnr. PSGTC0000093096 passasiersaanspreeklikheid gedek.
- **Betalings:**
  - Ouers / voogde is aanspreeklik vir alle gelde en onderneem hiermee om stiptelik te betaal (aan Hoërskool Fochville) soos vereis hieronder. Indien daar wanbetaling plaasvind, sal die leerders ongelukkig nie meer gebruik kan maak van die busdiens nie.
  - **Busgelde is vooruitbetaalbaar voor of op die 5de van die maand**, soos volg, per leerder:
    - **05 Januarie 2022 CV/DK/ELR/WDL R770 GH R820**
    - **05 Februarie 2022 CV/DK/ELR/WDL R770 GH R820**
    - **05 Maart 2022 CV/DK/ELR/WDL R770 GH R820**
  - Busgelde moet betaal word soos volg:
    - Kontant by die kantoor betaalbaar by me. Van der Merwe.
    - Elektronies aan Hoërskool Fochville (**apart van die leerder se skoolgelde**) in die volgende bankrekening:
      - Hoërskool Fochville
      - ABSA
      - Takkode 632005
      - Rekeningnommer 1610320127
      - Verwysing: **Smith John BUS**
    - Indien ouers elektronies die busgelde betaal, **e-pos asb. dadelik 'n bewys van hierdie betaling na lorette.fochies@gmail.com**
- **Buspas**:
  - Dit is **baie belangrik** dat me. Van der Merwe betyds die bewys van betaling per e-pos ontvang.
  - Buspasse word maandeliks gedruk en is vir **1 maand geldig**. Buspasse sal **uitgedeel** word teen die **10de** van elke maand. Indien u kind nie 'n buspas ontvang nie, kontak dadelik me. Van der Merwe.
  - Buspasse moet geteken wees deur me. Van der Merwe vir geldigheid.
  - Buspasse word daagliks gekontroleer. **Indien die leerder nie sy/haar buspas toon nie, sal die leerder nie op die bus toegelaat word nie.**
  - Graag wil ons ons kinders die verleentheid spaar. Ouers, maak asb. dus seker dat busgelde op datum bly. Dit bly u as ouer / voog se verantwoordelikheid.
- **Baie belangrik**:
  - Ons poog om die busgelde so laag as moontlik vir u as ouer / voog te hou en maak staat op u kind se teenwoordigheid op die bus, asook u maandelikse vooruitbetaling. Daar kan geen uitsonderings gemaak word nie. U sal vol moet betaal al sou u kind slegs in die oggend of in die middag van hierdie vervoer gebruik maak. **Net soos skoolgeld is die busgeld in 11 gelyke paaiemente betaalbaar, ongeag of dit vakansie is of dan nie.**

- Soos bespreek en goedgekeur deur die ouers, tydens ons vergadering op 17 Augustus 2021 by NG Kerk Oberholzer te Carletonville is daar besluit dat; **sou u kind nie meer die busvervoer gebruik nie**, om welke rede ook al, moet die ouer die kantoor **skriftelik** in kennis stel. **Die ouer bly verantwoordelik vir die volle betaling van busgelde vir die kwartaal (CV/DK/ELR/WDL = R2 310) en (GH = R2 460)**.
  Ons bepaal die busgelde op die getal leerders wat onderneem om te ry, dus onderneem u om vir die volle kwartaal te betaal en die leerder om vir die volle kwartaal bus te ry.
- Neem kennis dat **geen afbetalingsreëlings oorweeg sal word nie**. Skoolgeld mag nie gebruik word om die bus te befonds nie.
- As die ouer per geleentheid hulp nodig het, kontak gerus die kantoor. Ons verstaan dat daar soms onvoorsiene omstandighede opduik. Die BL sal 'n besluit maak gebaseer op meriete indien daar stawwende dokumentasie ingehandig word.

- **Optelpunte en tye:**
  - Leerders moet betyds by optelpunte wees, aangesien daar nie vir leerders gewag kan word nie.
  - Die skool het geen verpligting t.o.v. addisionele vervoer vir leerders wat om welke rede ook al, nie op die normale tye van die diens gebruik maak nie.
  - Die skool is nie buite hierdie diens vir die veiligheid van leerders aanspreeklik nie (bv. op pad na die optelpunte, tydens wagperiode, ens.).
  - Die bus sal gerespekteer word en met sorg gebruik word. Opsetlike beskadiging is vir die rekening van die ouer/voog.
  - **Geen wangedrag van leerders sal toegelaat word nie, skoolreëls geld en busleiers moet gehoorsaam word.**
  - Vertrektye:
    - **CV** by die 007 **06:50**vm (06:25vm-groep sal bevestig word)
    - **DK** by die 1ste Stopstraat waar huise begin **06:00**vm
    - **ELR** by die 2de ingang langs die hoofpad **06:15**vm
    - **WDL** by die bushalte net verby "boom-gate" **06:35**vm
    - **GH** by die Shell Garage by die Laerskool **06:00**vm
    - **Wees asb. 10 minute vroeër by die bustop aangesien die bus nie gaan wag vir leerders nie.**
    - Tydens eksamentyd (en ander sulke situasies) sal die tye met leerders gekommunikeer word.

**Ons, die ouers / voogde verstaan en aanvaar al die bepalings en woorwaardes soos hierbo uiteengesit en onderneem om daarby te hou:**

Mnr.________________________________ Me.________________________________

Teken______________________________ Teken______________________________

Datum______________________________ Datum______________________________

ID__________________________________ ID__________________________________

TEL_________________________________ TEL_________________________________

E-POS_______________________________ E-POS_______________________________

Leerder/s teken (1)_________________________ en (2)_________________________

Mediese gegewens:

Fonds_____________________ Fondsnommer_____________________ Hooflid_____________________

Huisdokter_____________________ Tel_____________________ Allergieë_____________________

Kontakpersoon in geval van nood:

Naam_____________________ Tel_____________________ Verwantskap_____________________